

**Woensdag 11 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:1-7**

**Fokusgedeelte: Lukas 2:1, 7 (1933/53-vertaling)**

### **Die magtigheid van 'n keiser, slegs instrument in die hand van die Here**

**D**it is buitengewoon dat 'n keiser se naam in die Woord van die Here genoem word. Tog vind ons in Lukas 2:1 dat keiser Augustus beveel het dat daar 'n volkstelling gehou moes word.

Kyk ons na Augustus se magsposisie as keiser, dan sou ons kon dink dit is die rede waarom sy naam in die Woord van die Here genoem word "Oktavius"; dit is eers in 27 vC dat die Romeinse Senaat aan hom die titel en naam van Augustus gee. Ons sien uit sy karakter dat hy genadeloos was in sy poging om die hoogste mag te beklee, maar nadat hy homself as keiser gevestig het, was hy baie meer gematig. Hy het vrede in die Romeinse Ryk bewerk en 'n oorlog-moeë Rome herbou.

Een van die beter keisers, sal 'n mens sê. Dalk verdien hy dat sy naam genoem word? Van nader bekyk, sien ons egter dat Lukas 2 geensins oor Augustus handel nie. Hy, as ongelowige, was slegs 'n instrument in die hand van die Here om die Ou-Testamentiese profesieë in vervulling te laat gaan. Josef was uit die geslag van Dawid, daarom moes hy vir die volkstelling na Betlehem terugkeer (Miga 5:1), waar die Messias gebore sou word.

In die wêreld se oë was Augustus dalk die magtigste persoon wat geleef het, maar in die hand van die Here was hy bloot 'n instrument wat meegewerk het aan die ryphed van die tyd vir Jesus Christus om gebore te word.

Selfs die magtigheid van 'n keiser kon God nie keer in die uitvoering van sy raadsbesluite nie – Jesus Christus is vir ons gebore, het vir ons gesterf, het vir ons uit die dood opgestaan, sodat ons die plek wat Hy gereed maak, mag beërwe.

*Sing: Psalm 2-1:2, 4*

*Ds. FJ van Rensburg (Frikkie) (Rustenburg-Noordoos)*